INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 1 LEESBEGRIP

"Kat-en-muis-musiek" deur Valiant Swart (Teks 1 in die Addendum).

1.1 Metingskaal vir drie punte.
Verwagte inhoud:
Dit kan moontlik verband hou met die idioom "Speel kat en muis". Die spreker kan nie die klassieke langspeelplate uit sy gedagtes kry nie. Hy keer terug na die winkel om dit te koop. Daarna probeer hy weer om dit te verkoop.

In die teks word daar ook na "Tom en Jerry" se musiek en DVD's verwys. Dit is 'n kat en 'n muis.

1.2 Die atmosfeer in die winkel is ontspanne met strelende musiek in die agtergrond./Dit moedig dalk meer verkope aan.

1.3 Ja, die woorde is neerhalend. Daar word op die "till"-slaners neergesien met dié verwysing. Dit gee die indruk dat hulle werk onbelangrik is. Hulle kry ook nie 'n beurt om musiek vir die winkel te kies nie. Om na "kantoor-tante" te verwys is ook neerhalend want dit gee die indruk dat die werknemer oud is en omdat sy na klassieke musiek luister, word sy as outyds bestempel.

**OF**

Nee, dit is nie 'n neerhalende verwysings nie/"till-slaners" is 'n humoristiese manier om na die werknemers te verwys en pas by die toon van die teks. Die "kantoor-tante" is 'n familiêre manier om na die werknemer te verwys en gee die indruk dat sy deel van hulle is. Kyk ook na ander antwoorde.

1.4 "vir lief neem" beteken om omstandighede te aanvaar.

"verlief" is wanneer daar 'n gevoel van liefde by iemand is ten opsigte van 'n ander persoon.

1.5 1.5.1 Die musiek is vir hulle baie mooi en strelend/dit lig hulle gemoedstoestand.

1.5.2 Daar is woordspeling of herhaling van woorde: "so lekker laat voel –" en "so lekker laat shop". Dit gee 'n musikale/ lighartige/humoristiese toon aan die woorde. Dit pas by die idee om musiek in te span vir beter verkope in die winkel.

**OF**

Die aandagstreep vestig die aandag op die woorde dat die klante meer sal koop as hulle aangename assosiasies met die musiek het.

IEB Copyright © 2023

1.6 Die spreker is lief vir lees/het 'n belangstelling in digkuns. Hy speel ook kitaar en stel baie belang in musiek.

1.7 1.7.1 Hy spreek sy teleurstelling uit. Die plateversameling was nie die soort musiek/musiekgenre wat hy gehoop het dit sou wees nie.

1.7.2 Die spreker weet nie veel van klassieke musiek nie. Hy hou ook nie baie van klassieke musiek nie.

1.8 1.8.1 Die spreker hou van die reuk van ou boeke en die plate het dieselfde sensasie gehad. Dit het hom aangetrek.

1.8.2 vind

1.8.3 Fonds. *Ek dra by tot 'n fonds vir droogtegeteisterde gebiede*. (Enige sin is korrek wat die betekenis duidelik laat blyk.)

1.9 Klassieke musiek is nie so populêr nie/val nie in almal se smaak nie. Dit is die rede waarom die plate nie so dikwels gespeel word nie.

1.10 ***MS*** Metingskaal vir drie punte.

Verwagte inhoud:
Die spreker is onseker of hy eendag van klassieke musiek sal hou, maar hy het tog 'n sprankie hoop. Ná die aandagstreep noem hy die moontlikheid dat hy eendag dalk van dié musiek sal hou. Hy beskou klassieke musiek as 'n "musikale wonderwêreld", maar sy verwysing na "op 'n mooi dag" klink nie baie belowend nie. Hy is dus onseker of hy ooit weer na die plate gaan luister.

1.11 "verkwansel" klink na 'n informele manier om van iets ontslae te raak – in hierdie geval die klassiekemusieklangspeelplate. (Hier doen 'n mens enigiets om daarvan ontslae te raak, self ruilhandel.)

"Verkoop" is 'n meer formele manier waarop iets op 'n behoorlike manier van die hand gesit word vir 'n bedrag geld. Kyk na ander antwoorde.

## VRAAG 2 VOORGESKREWE GEDIGTE

"Negester en stedelig" deur D.J. Opperman (Teks 2A in die Addendum).

2.1 "Negester" is 'n simboliese sterrebeeld en verteenwoordigend van natuurlike lig. "Stedelig" verwys na die stadsligte, onnatuurlike lig.

2.2 Die kind se nuuskierigheid/verwondering/ondersoekende gedrag.

2.3 In strofe een word die kind in die baarmoeder beskryf – dus voor geboorte. In strofe twee word die tydperk na die kind se geboorte beskryf.

2.4 In die donker is die kind veilig (dit verwys na die voorgeboortelike tyd). Wanneer die kind die lig betree (ná die geboorte) is die lewe nie veilig nie. Die ironie lê daarin dat "donker" dikwels op gevaar dui en "lig" op die positiewe. In hierdie geval is dit andersom.

2.5 2.5.1 Die stad. (Vergelyk "Ballade van die Grysland" deur D.J. Opperman.)

2.5.2 Die kind se pa neem sy ouerskap ernstig op. Hy wil as rigtingwyser vir sy kind optree totdat die kind self 'n onderskeid kan maak tussen goed en kwaad.

"Ooggetuie" deur Louis Esterhuizen (Teks 2B in die Addendum).

2.6 2.6.1 Die gedig begin met "Reën" wat daarop dui dat dit gereën het tydens dié terreurdaad. Die slotreël eindig ook met die woord "reën" – maar hier verwys dit na die glas en stof wat neerstort (reën) ná die bomontploffing.

2.6.2 Die waterplasse is 'n voorspelling van die bloed wat gaan vloei ná die bomontploffing. Die bloed sal moontlik soos "donker plasse" op die straat lê.

2.7 2.7.1 Personifikasie.

2.7.2 Die tyd wat aanbeweeg, elke minuut wat verbygaan, word op 'n negatiewe manier uitgebeeld met "gryp" en die spanning word verhoog omdat elke sekonde naderbeweeg aan dié wat die bom gaan ontplof.

2.7.3 Die tyd wat aanbeweeg word heeltyd herhaal en die naderbeweeg aan die tyd wat die bom gaan ontplof, skep spanning, bv. die bom is gestel vir twintig oor/nog nege minute.

**OF**

Die mense wat by die restaurant ingaan of mense waarvan die leser nie seker is of hulle by die restaurant ingegaan het of betyds ontglip het nie, skep spanning, bv. ses jongmense/bondel luidrugtig na buite/hulle groet en vertrek/twee loop weer terug/na binne.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 ONGESIENE GEDIG EN VOORGESKREWE GEDIG

"Draai na my" deur Louis Esterhuizen (Teks 3A in die Addendum) en "Herinnering" deur Elisabeth Eybers (Teks 3B in die Addendum).

3.1 Miswolke keer dat die son helder skyn – "goiingsak" is hier 'n metafoor vir die miswolke. Daar is dae wat die mens onkant gevang word/deurmekaar voel/niks sin maak nie. Kyk ook na ander bewoordings.

3.2 "die grond hardnekkig tree vir tree terugstamp …"
Dae wanneer die lewe vol terugslae is/dae wat vol probleme is.

Kyk ook na ander antwoorde.

3.3 In strofe twee is die fokus op die geliefde/die aangesprokene. In die derde strofe is die klem op die spreker wat steeds as steunpilaar van die geliefde dien/wat steeds met liefde na die aangesprokene kyk.

3.4 "w"-alliterasie, bv. <u>w</u>ees; <u>w</u>anneer (herhaaldelik); <u>w</u>anstaltig.

Dit pas by die weemoedige en neerslagtige toon van strofe een.
Kyk ook na ander antwoorde.

3.5 Die spreker vra sy geliefde om na hom/haar te draai/te kyk en sodoende verseker te word van die liefde wat in die spreker se oë merkbaar is.

3.6 ***MS*** Metingskaal uit 4.

Verwagte inhoud.

In "Draai na my" (Teks 3A) was die aangesprokene as jongmens vol vreugde en het alles om haar/hom geniet. Sy/hy het spontaan aan gesprekke deelgeneem.

In "Herinnering" (Teks 3B) dink die spreker op 'n ouer leeftyd terug aan sy/haar jeugjare. Anders as in die vorige gedig, is die jongmens vol angs en onsekerheid, eensaam en vlug weg van die gelag van mense.

3.7 In versreël 9 dui die ellips daarop dat die spreker nie verder kan onthou wat gebeur het nie. Die spreker is verward en alles is vae herinneringe.

## VRAAG 4 KRITIESE GELETTERDHEID

Advertensie deur *Die Waarheid Media* (Teks 4A in die Addendum).

4.1 4.1.1 Baie geld kan gemaak word as jy as wenner van die dig- en skryfkompetisie aangewys word.

4.1.2 "Klein" beteken 'n onbeduidende hoeveelheid/min. "Fortuin" dui op 'n groot hoeveelheid/baie. Die ironie lê daarin dat die uitdrukking "klein fortuin" op 'n groot bedrag geld dui, al is "klein" deel van die uitdrukking. Dit is 'n voorbeeld van litotes.

4.2 Dit verwys na skrywers wat nie hulle eie unieke styl het nie, maar ander skrywers navolg. Sulke skrywers druk nie hulle eie stempel op hulle werk af nie/hulle werke is vervelig/hulle skryf oor dieselfde onderwerpe as meeste ander skrywers. Kyk na ander antwoorde.

4.3 4.3.1 Te weet waar Dawid die wortels begrawe het.

4.3.2 "… te wys waar Dawid die kreatiewe wortels begrawe het …" beteken in hierdie aanhaling dat jy vol selfvertroue is en jou vermoëns om kreatief te skryf, ken.

4.4 4.4.1 Die Bybel.

4.4.2 Dit gaan nie maklik wees om hierdie kompetisie te wen nie/daar gaan baie teleurstellings wees omdat net die heel beste skrywers/digters gaan wen.

4.5 Die woorde is in hoofletters geskryf om dadelik die aandag te trek en die woorde te laat uitstaan. Die herhaalde ellipse beklemtoon elke woord en laat dit afgemete klink. Dit beklemtoon dat elke woord wat in die opstel/ gedig geskryf word, belangrik is.

4.6 'n Skryfstyl is **innoverend** wanneer dit wegbreek van die gewone skryfstyl en vernuwing inbring.

'n Skryfstyl is **oorspronklik** wanneer eie idees nagevolg word en nie oor die onderwerpe geskryf word wat al holrug gery is nie/te veel gebruik is nie.

'n Skryfstyl is **nuwerwets/koel** omdat dit baie neologismes bevat en argaïese taal uitskakel.

(Enige twee sinne. Maak seker dat kandidate die betekenis van die woord wat die skryfstyl beskryf, verstaan en dit effektief in 'n sin gebruik).

4.7 4.7.1 Aanmoedigend. Kyk ook na ander antwoorde.

4.7.2 "Kreatiewe sappies vanuit jou kraffie" verwys na die kreatiewe vermoëns wat ingespan moet word om te skryf of te dig.

**TEKS 4B**

Twiet (Teks 4B in die Addendum).

4.8 Argaïese uitdrukkings.

4.9 Dit is 'n verouderde woord of uitdrukking wat in onbruik verval het.

4.10 Neologisme/nuutskepping.

4.11 4.11.1 Eie antwoord. Byvoorbeeld: As lang woorde aanmekaar geskryf word, is dit 'n omslagtige skryfwyse en dit bemoeilik die skryf en uitspreek van die woord.

**OF**

Die aanmekaar skryf van woorde in Afrikaans maak die woorde uniek en dit is dadelik duidelik wat bedoel word.

4.11.2 'n Koppelteken/koppeltekens kan tussen woorddele geplaas word. Die woord kan dan makliker uitgespreek word en die betekenis van die woord sal duideliker wees/meer verstaanbaar wees.

**TEKS 4C**

Spotprent met Arnoldus Pannevis (Teks 4C in die Addendum).

4.12 Kapkar/pluiskeil/kleredrag van 'n vroeë tydperk.

4.13 Dieselfde probleem wat destyds ondervind is, bestaan steeds/daar was reeds in die vroeë tye aan die Kaap slaggate op die paaie. Ironies is dit 'n probleem wat nog steeds bestaan aangesien moderne stede se paaie ook vol slaggate is.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 5 REDIGERINGSVAARDIGHEDE

"Brief uit Betta" deur Toast Coetzer (Teks 5 in die Addendum).

5.1 Namibië.

5.2 5.2.1 My oog **is** dadelik deur die groot vuur en kring mense gevang.

5.2.2 Die **lydende vorm** is meer gepas by hierdie sin omdat die klem gelê word op die mense om die kring vuur. Dit is wat die spreker dadelik raakgesien het.

**OF**

Die **bedrywende vorm** pas beter omdat die spreker die mense raakgesien het. Die teks is uit die spreker se oogpunt geskryf.

5.3 Die eienaar, Henri Vermeulen, se eenvoudige uitnodiging was dat ons steak saam het hulle moes kom eet.

5.4 Daardies.

5.5 (dis 'n kruis met iets anders, dalk ratel?) Aandagstrepe of kommas as leestekens is ook korrek.

5.6 Byvoeglike bysin.

5.7 Ses honderd en tagtig kilometer. (Ses-honderd-en-tagtig kilometer is ook korrek.) (Kilometer het nie 'n -s – meervoudsvorm – nie.)

5.8 … waar jy 'n halfuur of wat kan sit en kyk na 'n groen grasperk …

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 6 OPSOMMING

Rubriek "Fred se geskenk aan ons was genesende lag" deur Wilhelm Jordaan (Teks 6 in die Addendum).

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

| Uitstekend | Goed | Gemiddelde | Ondergemiddeld | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 8 | 6½ | 5 | 3 |
| 9 | 7½ | 6 | 4½ | 2 |
| 8½ | 7 | 5½ | 4 | 1 |

**Nota:** In die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 6) en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

**Uitstekend:** Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle relevante inligting suksesvol uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

**Goed:** Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies.** Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

**Gemiddeld:** Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie.** Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhalings of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van vol sinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

IEB Copyright © 2023

**Ondergemiddeld:** Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan tel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

**Baie swak:** Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe teks. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Noudat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

Die opdrag is om 'n berig te skryf vir die plaaslike skoolkoerant oor die spotprent-kunstenaar, Fred Mouton, wat onlangs oorlede is. In die berig moet daar klem gelê word op sy benadering tot satire in sy spotprente. Die berig moet ongeveer 100 woorde lank wees.

**Feitelys:** Die volgende feite kom in die teks voor en dit moet deur die kandidate gebruik word. 'n Eie titel moet geskryf word. Geen ander inligting moet ingesluit word nie. Die kandidate moet waar moontlik hulle eie woorde en beskrywings gebruik.

**DIE ONVERGEETLIKE FRED MOUTON** (eie titel)

Fred het ons laat lag en verstom met die wyse waarop mense ontmasker is en hulle stommiteite soos arrogansie, valsheid en vertoon ontbloot is. Sy lag was sensitief, vriendelik, op 'n ligte noot, subtiel en intelligent. Hy was simpatiek ingestel teenoor menslike swakhede eerder as hulle booshede. Hy het detail uitgebeeld en sy kommentaar was altyd gepas. Ons het ook gelag vir die muis se sluwe kommentaar en ons eie en ander se onnoselheid. Hy het ons laat lag oor ons opstandigheid en alles wat ons na aan die hart lê. Tekeninge van skoolklaskamers en skoolverwante sake is vaardig deur hom uitgebeeld. Fred het ons geleer dat lag genesend is.

110 woorde

**Belangrik:**

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie.

Woordtelling: Tussen nie minder as 90 of meer as 110 woorde nie.

Bloom-vlakverdeling vir Vraag 6:

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punt | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023